higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GEMEENSKAPSGEORIËNTEERDE PRIMÊRE SORG
NKR VLAK 3

21 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1

- Voldoen nie aan mense se gesondheidsbehoeftes nie
- Stygende kostes
- Verhoogde spesialis-/genesende fokus
- Swak samewerking in en tussen gesondheidsdienste
- Swak professionele voorbereiding
- Ondergewaardeerde en ontevrede personeel

(Enige relevante 5 × 1) (5)

1.1.2

- GOPS in SA ontstaan as gevolg van ongelykhede wat tydens die 1930's bestaan het
- Kliniese medisyne in die land is fasiliteitsgebonde wat beteken dat hulpbronne slegs beskikbaar gemaak is aan diegene wat toegang het tot hierdie fasiliteite
- Openbare gesondheidsdienste het nie bestaan nie
- Genesende dienste is gekoppel aan voorkomende dienste

(Enige relevante 4 × 1) (4)

1.2 1.2.1

- Onderwysdienste:✓ Bisley Park Primêre Skool; Hazelwood Pre-Primêre Skool; My Pace Cottage School; Kalinka Edu Care✓
- Ontspanningsdienste:✓ Scrimpers Hair Design; St. Vincent's Katolieke Kerk; Pietermaritzburg Model Engineering Society✓ Thoko-avontuurtoere✓
- Gesondheidsdienste:✓ Scottsville-kliniek✓
- Veiligheidsdienste:✓ SAPD; Oribi-brandweerstasie✓
- Vervoerdienste:✓ verskeie padinfrastruktuur✓ (Enige 3 × 2) (6)

1.2.2

- Beginsel 1: plaaslike gesondheids- en instellingsontleding ✓.
- Komponent 2: mense en organisasies in gedefinieerde plekke ✓
- Motivering: want die kaart verskaf verskeie organisasies wat dienste in 'n spesifieke gemeenskap aanbied (Scottsville)✓

(2 + 1) (3)

1.2.3

- Vennootskap tussen gesondheidsdiens en veiligheidsdiens ✓: SAPD moet direkte bystand aan Scottsville-kliniek in aanrandingsake ens. verskaf✓.
- Vennootskap tussen gesondheidsdienste en onderwysdienste.✓ Scottsville-kliniek in vennootskap met die onderskeie skole in die gemeenskap – om skoolgesondheidsdienste soos inentings ens. aan te bied. ✓
- Vennootskap tussen veiligheidsdienste en onderwysdienste✓: SAPD moet direkte telekommunikasiedienste aan skole in noodgevalle verskaf.✓
  Brandweerdienste moet in direkte kontak met plaaslike skole wees in geval van 'n brandnoodgeval,✓ onderrig leerders oor brandvoorkoming by die huis ens. ✓

Kopiereg voorbehou

- Vennootskap tussen onderwys en vervoer✓
  Verskaf gratis vervoerdienste aan student na die skool en terug huis toe.✓
- Vennootskap tussen ontspanning en onderwys✓
  Help skole met onderwysuitstappies ens.✓

(Enige relevante 2 × 2) (4)

1.3
- Carl E. Taylor is op 1 Julie 1916✓ aan die voorheuwels van die Himalajas in Indië, ✓ gebore en studeer in 1941 aan Harvard. ✓
- Hy het sy internskap tydens die Tweede Wêreldoorlog in Panama voltooi.
- Hy het in 1947 na Indië teruggekeer ✓ om aan die hoof van die Fatehgarh Presbiteriaanse Hospitaal te lei✓. Hy het na Harvard teruggekeer om sy doktoraal in openbare gesondheid te behaal.✓
- Sy navorsing oor baba- en kindersterftes het sy idees gevorm oor hoe die verbetering van kinderoorlewing vrugbaarheid kan verminder.✓
- Taylor het die departement van Voorkomende Medisyne in 1950s gevestig ✓.
- In 1960 word hy direkteur van die geaffilieerde Narangwal Landelike Gesondheidsnavorsingsprojek in Noord-Indië✓ – wat as verwysingsprojek vir GOPS aanvaar is.
- In 1961 het Taylor die Departement van Internasionale Gesondheid by Johs Hopkins Universiteit gestig, terwyl hy voortgegaan het om die navorsing by Narangwal te lei. ✓
- Taylor en sy kollegas het getoon dat longontsteking sonder X-strale gediagnoseer en behandel kan word; ✓ gemeenskapsgesondheidswerkers het die behandeling gegee.✓
- Taylor en sy kollegas het beskryf hoe voorgeboortelike voedingsorg aan swanger vroue kindergroei, siekte en sterftes kan beïnvloed.✓
- Hulle het verder die sinergisme tussen wanvoeding en infeksie voorspel soos dit met diarree verband hou.✓
- Taylor se navorsing oor baba- en kindersterftes het sy idees gevorm oor hoe die verbetering van kinderoorlewing vrugbaarheid kan verminder.✓

(Enige relevante 8 × 1) (8)

[30]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 Jaime Goffin
2.1.2 Dr Carl E. Taylor
2.1.3 Dr Sidney en Emily Kark
2.1.4 Dr Cassel
2.1.5 Dr Geiger

(5 × 1) (5)

2.1 2.2.1

- Registreer by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID); ✓ om aan belastingvereistes te voldoen✓
- Registreer alle werknemers by die departement van arbeid✓ en verseker dat alle werknemers 'n kontrak het✓, aan WVF voldoen✓ en dat hulle gedek word deur die vergoedingsfonds wat werknemers teen beserings en dood verseker terwyl hulle aan diens is. ✓
- Verseker dat alle taxibestuurders✓ 'n geldige rybewys✓ sowel as 'n professionele bestuurspermit (PDP) van die provinsiale departement van vervoer✓ verkry het.
- Verseker dat voertuie✓ padwaardig is✓. Maak seker dat alle taxi's 'n bedryfslisensie het. ✓
- Alle taxiverenigings✓ word in hulle provinsies geregistreer. ✓
- Die regulasie- en beheerregistrasieproses✓ maak voorsiening vir die registrasie, vereniging en roetes wat deur die vereniging bedryf word. ✓

(Enige relevante 4 × 2) (8)

2.2.2

- Baie skoolgaande leerders✓ kon nie skool bywoon nie en onderwys misgeloop.✓
- Pasiënte✓ kon nie by hulle plaaslike kliniek of hospitaal uitkom vir konsultasie, prosedures, nood- mediese versorging, geboorte ens.✓
- Mense kan nie winkel toe gaan✓ om basiese middele soos kos, medisyne te koop nie.✓
- Mense kon nie gaan werk nie✓; wat gelei het tot 'n verlies aan inkomste.✓
- Gemeenskapslede het verskeie paaie versper om die taxistaking te ondersteun✓, wat beteken het dat noodvoertuie soos die polisie en ambulansdienste nie kon ingaan nie.✓
- Baie gemeenskapslede is direk geïntimideer, geteister✓ ens. wat op sy beurt ernstige geestessiektes veroorsaak.✓
- Vanweë die geweld en plundering,✓ meer mense kon beseer word en hulle lewens verloor.✓
- Sommige besighede en restaurante kon nie oopmaak nie✓ en het inkomste verloor.✓
- Afvalbestuur is geaffekteer omdat vullis nie van sekere gebiede verwyder kon word nie,✓ wat tot die ophoping van vullis en gevolglike siektes kan lei wat kan versprei.✓
- As gevolg van die versperrings kon voedselvragmotors nie gemeenskappe binnegaan nie✓ wat tot 'n tekort aan melk, brood en ander noodsaaklike produkte en gevolglike honger lei✓.
- Mense moes alternatiewe vervoer soos Uberdienste gebruik wat meer kos, ✓ wat tot 'n verlies aan inkomste en stres gelei het. ✓

(Enige relevante 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.2.3
- Beginsel 1: Plaaslike gesondheids- en instellingsontleding ✓
- Komponent 1: Wetenskaplike inligting ✓
  Samel inligting in✓ oor die aantal mense wat deur taxigeweld geaffekteer word✓ en die omstrede kwessies oor taxi's sal belangrike insig gee oor hulle gedrag en hoe om toekomstige kwessies aan te pak.✓
- Komponent 2: Mense en organisasies in gedefinieerde plaaslike plekke✓

  Identifiseer ander aktiewe organisasies✓ in 'n plaaslike gemeenskap soos busse en treine wat ook betrokke is by vervoer ✓ of werk met plaaslike skole, klinieke ens.

  Om hulle eie vervoerstelsel te identifiseer✓ wat verantwoordelik sal wees vir die vervoer van leerders/pasiënte/pendelaars ens.✓

(Enige relevante 7 × 1) (7)
[30]

VRAAG 3

3.1
- Die verklaring van die Alma Ata wat in 1978✓ in Rusland gehou is✓ was 'n Internasionale Konferensie oor Primêre Gesondheidsorg.✓
- Dit is gehou sodat baie lande moet saamkom en bespreek hoe om gesondheid in hulle onderskeie lande te verbeter.✓
- Die Alma Ata is beskou as die morele onderbou van primêre gesondheidsorg✓
- Belangrike kwessies soos voedselsekerheid,✓ skoon water en sanitasie,✓ bekostigbare behuising✓ en gesondheidsgeletterdheid is bespreek. ✓

(Enige relevante 5 × 1) (5)

3.2
3.2.1	D
3.2.2	G
3.2.3	A
3.2.4	H
3.2.5	B
3.2.6	I
3.2.7	E
3.2.8	K
3.2.9	J
3.2.10	F

(10 × 1) (10)

3.3 3.3.1 Voorkoming van moeder-na-kind oordrag van MIV (1)

3.3.2
- Voorgeboortesorg is die gesondheidsorg wat gegee word aan die swanger vrou✓ en haar ongebore kind/fetus.✓
- Nageboortesorg is gesondheidsorg wat gegee word aan die moeder en haar pasgebore baba,✓ onmiddellik na die geboorte en vir die eerste ses weke na geboorte.✓

(Enige relevante 2 × 2) (4)

3.3.3 Om voorkombare kindersiektes en kindersterftes te verhoed,✓deur moeders tydens swangerskap en babas ná geboorte en daarna in te ent.✓ (2)

3.3.4
- Alle vroue van ’n reproduktiewe ouderdom✓ ontvang seksuele en reproduktiewe gesondheidsdienste – sulke dienste sluit toetsing en gesondheidsbevordering in – om primêr te voorkom dat ’n vrou MIV opdoen. ✓

- Alle swanger vroue: ✓ bied MIV-berading en -toetsdienste by voorgeboortelike kliniek en verdere bestuur volgens MIV-status aan – soos om met ARV-middels te begin om die fetus te beskerm.✓
- Alle swanger vroue: bestuur tydens kraam en bevalling✓ volgens MIV-status, om sodoende te verhoed dat die baba die virus opdoen wanneer hy deur die geboortekanaal gaan.✓

- Alle vroue in die postnatale periode: ✓ word volgens MIV-status bestuur. Opvolg van alle babas en bestuur volgens MIV-blootstellingstatus – verhoed dat die moeder die virus na haar baba oordra deur borsvoeding.✓ (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 Pholela het een van die eerste bedryfsmodelle van GOPS in praktyk voorsien.
Beginsel 1: Plaaslike gesondheids- en instellingsontleding✓
- Pholela het bevolkingsgebaseerde ondersoeke om die voorsiening van gesondheidsdienste gebruik in te lig✓
- Teiken higiëne en sanitasie, voeding, water, behuisingstoestande en beroepsbedreigings. ✓
- ’n Pionierskenmerk van die Pholela-model was sy afhanklikheid op sosiale en epidemiologiese✓ ondersoek van die plaaslike bevolking om die voorsiening van dienste in te lig – gemeenskapsgesondheidsprofiel.✓
- Pholela was kenmerkend innoverend op sy tyd en het plaaslike individue as gesondheidsassistente en gemeenskapsopvoeders gewerf en opgelei om die voorsiening van gesondheidsonderwys, bevordering en vaardigheidsontwikkeling op die dorp en op huishoudelike vlak te fasiliteer. ✓

Kopiereg voorbehou

Beginsel 2: Omvattende sorg✓
- Integrasie van kuratiewe sorg en voorkomende gesondheidsdienste in ’n omvattende gemeenskapsgebaseerde pakket, ✓
- Geïnkorporeerde gesondheid onderwys- en gesondheidsbevordering as noodsaaklike elemente van die gesondheidsafleweringstelsel.✓
- Beklemtoon die verskaffing van holistiese gesondheidsorg, eerder as bloot mediese sorg. ✓
- Gespesialiseerde programme en intervensies om die gesondheidsbehoeftes van kwesbare en hoërisikogroepe (vroue en kinders) aan te pak, insluitend verpligte immuniserings, skoolvoedingskemas, die vestiging van huishoudelike en gemeenskapsvoedseltuine, kindergroeimonitering, borsvoeding en babavoedselaanvulling, gemeenskaplike kindersorgdienste; en gesinsbeplanning.✓

Beginsel 3: Gelykheid✓
- Gesondheidsorg moet toeganklik wees, subsentrums is geskep. ✓
- Gesondheidsorg moet bekostigbaar word.✓

Beginsel 4: Oefen met wetenskap ✓
- Daar is van alle gesondheidswerkers by Pholela verwag om plaaslike opvattings van gesondheid en siekte te verstaan en na waarde te ag, om te verseker dat die gesondheidsentrum se dienste en sorg sosiaal toepaslik, aanvaarbaar en effektief is. ✓
- Alle gesondheidsorgwerkers moet in die gesondheidsorgveld gekwalifiseer en opgelei wees.✓
- Professionele gesondheidsorgwerkers moet as ’n span saamwerk.✓

Beginsel 5: Diensintegrasie rondom gebruikers✓
- Die Pholela Gesondheidsentrum het ’n unieke fokus op die gesondheid van gesinne en die gemeenskap, eerder as slegs individuele gesondheid, gehad en probeer om die sosiale toestande en bepalende faktore wat bevolkingsgesondheid in die breë beïnvloed, te identifiseer en aan te pak. ✓
- ’n Sleutelbydrae van die Pholela-model was sy unieke klem op gemeenskapsbemagtiging en deelname aan die lewering van gesondheidsorg.✓
- Gemeenskapslede en plaaslike owerhede was direk betrokke by programbeplanning en besluitneming oor gesondheidsdienste.✓
- Bemagtiging van die gesin om kollektiewe gesondheid te verbeter was ’n besonderse nuwe kenmerk. Personeel van die Gesondheidsentrum het periodiek met alle lede van ’n gesin vergader om ‘gesinsgesondheidsoorsigte’, ’n bespreking van elke individuele lid se gesondheidsgeskiedenis en -toestand met betrekking tot omstandighede in hul huishouding en die gemeenskap. ✓

(Enige relevante 5 × 2) (10)

4.2 4.2.1

- ESSP bied na-skoolse ondersteuning vir huiswerk en skoolsport. ✓
- Die program bied primêre skool leerders een uur huiswerktoesig en een uur ontspanningstoesig ná skool elke dag.✓
- Versorgers of huiswerkassistente is beskikbaar aan Graad 1–7 – leerders in skole waar daar nie skoolgeld betaal word nie en hulle is verantwoordelik om toe te sien dat leerders hulle huiswerk doen en betyds vir die huiswerkperiode opdaag.✓
- Hulle moet studie fasiliteer, monitor en nagaan dat leerders konsekwent hulle huiswerk voltooi. ✓
- Hulle bespreek ook probleme en uitdagings wat leerders ondervind en rapporteer dit aan die onderrigpersoneel.✓
- Hulle teken huiswerkboeke en hou ’n bywoningsregister by. ✓
- ESSP se oogmerk is om werkservaring en praktiese opleiding asook sektorspesifieke opleidingskrediete aan werklose gematrikuleer jeug te verskaf wat gebruik kan word in werksoektogte (dra by tot die regering se plan vir werkskepping vir die jeug). ✓

4.2.2

- Verseker dat die polisie deur vennootskap met gemeenskappe met hierdie gemeenskappe saamwerk om ’n veilige omgewing vir almal te skep.✓

- Om te verseker dat die polisie aandag gee aan die primêre behoeftes van die gemeenskap soos gesamentlik deur die gemeenskap en die polisie geïdentifiseer word.✓
- Om die gehalte van inligting wat vir die polisie beskikbaar is te verbeter wat daartoe sal lei dat die polisie meer proaktief sal wees in hul benadering tot die oplossing van probleme wat met misdaad verband hou.✓
- Om gemeenskappe van ’n toeganklike, sigbare polisie-teenwoordigheid te voorsien om publieke vertroue te verbeter en misdadigers af te skrik. ✓
- Om te verseker dat die polisie se waardes nou belyn is met dié van ’n demokratiese SA sodat die polisie sensitief met gemeenskappe omgaan en die beginsel van respek vir menswaardigheid nakom.✓

4.2.3

- Dienste sluit fisiese, sosiale en geestelike dienste in om holistiese sorg vir volledige ontwikkeling te verseker.✓
- Funksie: om goeie gesondheid te bevorder en swak gesondheid in skoolgaande kinders te voorkom.✓

- Gesondheidsonderwys en -bevordering soos in lewensoriënteringlesse.✓
- Onderwys en dieet en voeding.✓
- Persoonlike higiëne.✓

- Menstruasie en reproduktiewe gesondheid, soos die verskaffing van sanitêre doekies aan meisies, om sodoende te verseker dat hulle skool bywoon. ✓
- Bykomende dienste soos sifting (gehoor-, gesig- en spraakgestremdheid en ander toestande wat leer kan beïnvloed), behandeling van parasitiese infeksies (ontwurming), immunisasies, behandeling van veltoestande (omlope), omgewingsgesondheid soos water en sanitasie. ✓

4.2.4
- Verhoog konnektiwiteit tussen verskillende dienste soos gesondheid, veiligheid, onderwys ens.✓
- Gratis Wi-Fi vir leerders stel hulle in staat om op hoogte te bly van hul studies, toegang tot aanlynmateriaal te kry en in verbinding met medestudente te bly.✓
- Verhoog sakegeleenthede, maak betaling makliker, vereenvoudig die proses en bespaar tyd.✓
- Konstante toegang tot pasiënte se rekords en verbinding met verskeie sentrale databasisse.✓
- Gratis Wi-Fi sal toerisme na jou gemeenskap verhoog wat op sy beurt ekonomiese groei verhoog. ✓

(Enige relevante 4 × 5) (20)
[30]

VRAAG 5

5.1
5.1.1 Gluckman-verslag
5.1.2 1926
5.1.3 Pholela
5.1.4 Instituut vir Familie- en Gemeenskapsgesondheid
5.1.5 Nasionale Party

(5 × 1) (5)

5.2 5.2.1
- Om voedselproduksie en -sekerheid in skole en gemeenskappe te ondersteun. ✓
- Om leervermoë te verbeter.✓
- Om voedingsopvoeding in skole te verbeter (uitdeel van leermateriaal soos kaarte oor gesonde leefstyl en higiëne aan skole). ✓
- Om leerders en ouers te onderrig hoe om ’n gesonde leefstyl te onderhou.✓
- Om leerders en ouers te onderrig hoe om groentetuine en vestig en in stand te hou.✓
- Motiveer leerders om skool gereeld en stiptelik skool by te woon aangesien hulle ’n warm ete by die skool kry.✓

5.2.2 Voedsel word aan individue verskaf wat in een van die volgende kategorieë val:
- Huishoudings wat nie geld vir hulle volgende ete het nie.✓
- Mense wat minder as R300 'n maand aan kos bestee.✓
- Kindergeleide huishoudings of kwesbare kinders.✓
- Huishoudings wat die MIV/VIGS geaffekteer word.✓
- Mense met gestremdhede.✓
- Vrouegeleide huishoudings met min of geen inkomste.✓

(Enige relevante 2 × 5) (10)

5.3 5.3.1
- Kraanwater in die huis
- Kraanwater/kraan buite die huis
- Put- of boorgatwater buite die huis
- Reënwatertenk op die perseel
- Openbare/kommunale kraan
- Aflewering van water deur watertenks
- Boorgat weg van die perseel/kommunaal

5.3.2
- Deur Eskom
- Deur 'n windpomp
- Maak gebruik van gas
- Gebruik batterye
- Gebruik paraffien, petrol, hout, steenkool, biobrandstof, kerse
- Sonpanele

5.3.3
- Spoeltoilet-sanitasie gekoppel aan munisipale rioolstelsel
- Septiese tenk
- BBP-toilette
- Putlatrine ('long drop' toilette)
- Emmerstelsel

(Enige relevante 3 × 5) (15)
[30]

VRAAG 6

6.1
6.1.1 Onwaar
6.1.2 Waar
6.1.3 Onwaar
6.1.4 Waar
6.1.5 Waar
6.1.6 Onwaar
6.1.7 Onwaar
6.1.8 Onwaar
6.1.9 Waar
6.1.10 Waar

(10 × 1) (10)

6.2 6.2.1 Internet (1)

6.2.2
- Mense gebruik die internet om inligting te verskaf en verkry
- Dit is die grootste biblioteek in die wêreld
- Om goedere en dienste te koop en verkoop
- Maak leer moontlik
- Maak sosiale konneksies moontlik
- Verskaf vermaak
- Maak banksake moontlik
- Verskaf kaarte, adres en kontakbesonderhede van mense

(Enige relevante 4 × 1) (4)

6.2.3 Telekommunikasie kan 'n positiewe✓ en negatiewe effek✓ op die gesondheid en welstand van mense hê.
Positief:
- Telekommunikasiedienste verskaf inligting✓ wat mense nodig het om ingeligte besluite te neem.✓ Byvoorbeeld, artikel 1 waar waardevolle wetenskaplike inligting gedruk word✓ op die SSB se webwerf.✓ Hierdie inligting kan deur die gebruiker gebruik word om 'n ingeligte besluit te neem of om die entstof te kry of nie. ✓ Hierdie inligting is gebaseer op wetenskap en kan dus vertrou word.✓
- Maar telekommunikasiedienste kan ook 'n negatiewe effek op mense se gesondheid hê. Byvoorbeeld verkeerde inligting✓ wat op sosiale media✓ versprei word, kan mense mislei en hulle verhoed✓ om in die beste belang van hulle eie en die gemeenskap se gesondheid op te tree.✓ Verkeerde inligting kan wantroue ✓ in die regering/gesondheidsorganisasie ens. veroorsaak wat tot chaos✓ kan lei veral in 'n pandemie soos COVID waar orde en koördinasie baie belangrik is om soveel mense as moontlik se lewens te spaar.

(Enige relevante 10 × 1) (10)

6.2.4
- Artikel 1✓
- Plaaslike gesondheids- en instellingsontleding✓
- Komponent 1: wetenskaplike inligting✓
- Motivering: omdat artikel 1 gebaseer is op inligting wat deur die SSB gegee is,✓ wat op navorsing/wetenskap/studie gebaseer is.

(Enige relevante 5 × 1) (5)
[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou